

## ***HOE SPOEDIG GAAN JESUS TERUGKOM?***

**D**ie meeste van ons het 'n byna instinktiewe drang om in die toekoms te kan loer. Ons wil weet wat agter die horison lê. Maar akkurate voorspellings bly maar baie ontwykend. Dit is moeilik genoeg vir menige van ons om môre se weer te voorspel!

Daar is egter Iemand, wie se profesieë merkwaardig akkuraat geblyk het. Jesus Christus, deur Sy Woord, kan ons in die toekoms inneem: Hy is 'n betroubare gids. In hierdie les gaan ons kyk wat Hy te sê gehad het oor Sy wederkoms. Wie kan per slot van sake meer weet van die einde van die wêreld as die Een wat dit aan die begin geskape het?

### **1. TEKENS DAT CHRISTUS SE WEDERKOMS IN DIE HUIDIGE TYD IS**

Nadat Jesus Sy dissipels verseker het dat Hy wel 'n tweede maal na hierdie wêreld toe sal terugkom (Mattheus 23:39), watter vraag het hulle Hom gevra?

*“En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: ‘Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is **DIE TEKEN VAN U KOMS** en van die voleinding van die wêreld?’” – Mattheus 24:3. (Tensy anders vermeld word alle Skrifverwysings in die Ontdek gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)*

Jesus het duidelik en positief geantwoord. In hoofstuk 24 van Mattheus en hoofstuk 21 van Lukas gee Hy persoonlik verskeie *tekens* of bewyse, waardeur ons kan weet wanneer Sy koms naby is. Ander Bybelse profesieë help ons om die prentjie verder in te vul, deur wêreldtoestande in meer besonderhede te beskryf net voor Christus se wederkoms. Soos ons sal sien, word hierdie profesieë reg voor ons oë vervul; dit dui aan dat Christus se wederkoms na die aarde baie naby is.

Kom ons kyk na tien padwysers van Bybelse profesieë op die hoofpad na die hemel, en ondersoek die vrae wat 'n hedendaagse reisiger moontlik sal vra as hy dit lees.

#### **Padwyser 1 – Angs! Ontsteltenis! Verwarring!**

Meer as negentien honderd jaar gelede het Jesus 'n profetiese beskrywing gegee van die hedendaagse lewe wat klink asof dit geneem is uit die aandnuus:

*“En daar sal **TEKENS** wees aan son en maan en sterre, en op die aarde, **BENOUDHEID VAN NASIES IN HULLE RADELOOSHEID**, wanneer see en branders dreun, en **MENSE SE HARTE BESWYK VAN VREES EN VERWAGTING VAN DIE DINGE WAT OOR DIE WÊRELD KOM**. Want die kragte van die hemel sal geskud word. **EN DAN SAL HULLE DIE SEUN VAN DIE MENS SIEN KOM** in 'n wolk, met groot krag en heerlijkheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.” – Lukas 21:25-28.*

Daar kan nie 'n meer akkurate beskrywing van vandag se wêreld gegee word as dit nie: “Mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom.”

Groot wapenvoorraade wat opgeberg is, is in staat om die ganse planeet te vernietig. Wat sal gebeur as een of ander terroris 'n kernwapen in die hande kry?

Jesus gee aan ons 'n basis vir hoop in 'n ramspoedige eeu. Die huidige krisis van wêreldwye vrees en ontsteltenis beklemtoon net die waarheid dat Christus se koms regtig naby is. Deesdae kla mense dikwels uit frustrasie, "Kyk wat het van die wêreld geword!" Maar die student van Bybelse profesieë kan met 'n hoopvolle hart uitroep: "Kyk WIE kom na ons wêreld toe."

### **Padwyser 2 – Wêreldrampe.**

Hoe pas natuurlike rampe in die gebeure van die laaste dae?

***"En daar sal groot AARDBEWINGS op verskillende plekke wees en HONGERSNODE en PESSIEKTES; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom. ... So moet julle ook weet dat DIE KONINKRYK VAN GOD NABY IS wanneer julle hierdie dinge sien gebeur."* – Lukas 21:11, 31.**

Dink vir 'n oomblik aan hongersnode. Beelde van hongerlydende kinders met opgeswelde buike is voortdurend in die nuus. Is dit nie hoogs verbasend dat 'n wêreld wat mense na die maan toe kan stuur, NIE al sy mense kan voed nie? Jesus het geweet dat hongersnode sal voortduur, dat die selfsugtige menslike natuur erger sal word teen die einde van tyd.

Maar wat van aardbewings? Volgens die *World Almanac* van 1999, was daar eeu na eeu van die Christelike era 'n merkwaardige toename in groot aardbewings: 18de eeu 6 groot aardbewings; 19de eeu 7, 20ste eeu meer as 100. So neem die bewyse meer dramaties toe namate ons nader en nader aan ons tyd kom.

Hierdie getalle bevestig Jesus se profesie. Hongersnode en groot aardbewings bereik 'n hoogtepunt – "die koninkryk van God is naby!" Sal ons 21ste eeu nog honderde groot aardbewings bring, of die koms van die Koning van konings?

### **Padwyser 3 – Opgegaarde Rykdom**

Wat is die betekenis van die rykdom wat in die hande van kleiner en kleiner-wordende getalle mense beland terwyl meer en meer mense in armoede gedompel word?

***"Julle het skatte vergader in die laaste dae."* – Jakobus 5:3.**

Ten spyte van al die insigte wat ons in die ekonomie het, word die rykes nog steeds ryker en die armes word nog armer. Die multi-miljoen dollar skatte is nog 'n padteken wat vir ons aandui dat "Die wederkoms van die Here naby is!" (vers 8).

### **Padwyser 4 – Burgerlike Onrus**

Waarom het ontevredenheid en oproer onder werknemers so dramaties toegeneem?

***"Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en DIE GEROEP VAN DIE MAAIERS het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare ... Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want DIE WEDERKOMS VAN DIE HERE IS NABY."* – Jakobus 5:4, 8.**

Nadat hy 'n ongeëwenaarde opgaar van rykdom in ons tyd voorspel het, voorspel Jakobus burgerlike onrus wat voortspruit uit ontevrede werknemers. Die spanning tussen die *wat-het* en die *wat-nie-het-nie* is aan die toeneem. Nog 'n teken dat "die wederkoms van die Here naby is."

## **Padwyser 5 – Morele Verval**

Waarom is die morele aard van die samelewing blykbaar aan die verbrokkel?

***“Maar weet dit, dat daar IN DIE LAASTE DAE SWAAR TYE sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. ... maar GODDELOSE MENSE EN BEDRIEËRS SAL VOORTGAAN VAN KWAAD TOT ERGER, hulle wat verlei en verlei word.” – 2 Timotheus 3:1-5, 13.***

Kon enigeen aan ‘n beter beskrywing vir ons wêreld dink? Wys vandag ‘n kamera in enige rigting en jy sal ‘n foto afneem van arrogante materialisme. Jy sal ‘n skokkende beeld vaslê van ‘n epidemie van kindermishandeling en molesting. Jy sal talle tonele vind van jeugdiges wat buite beheer is, kinders in hulle vroeë tienerjare wat links en regs vermoor en vermink. Al hierdie dinge vorm ‘n prente gallery wat luid verkondig dat Jesus se koms baie naby is.

## **Padwyser 6 – Verspreiding van die Okkult.**

Waar in sien ons ‘n ontploffing van belangstelling in die okkult?

***“Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.” - Mattheus 24:24.***

Hierdie gedeelte voorspel dat daar in die tyd van die einde allerhande wonderwerke en tekens sal plaasvind, ‘n valse vertoon van die bonatuurlike. Hekse en towenaars verskyn op gesels programme. *New Agers* is oral te vind waar hulle tower kristalle verkoop en ontslape geeste kanaliseer. Valse tekens en wonders floreer. Al hierdie dinge maak dit nog duideliker dat net soos Jesus voorspel het, ons in die tyd van “die koms van die Seun van die Mens” (vers 27) leef.

## **Padwyser 7 – ‘n Ontwakende Wêreld**

Wat is die betekenis van die ontstaan van ‘n wêreld-bewustheid in Afrika, die Midde-Ooste, Oos-Europa en die lande van die Verre Ooste?

***“DIE NASIES MOET HULLE KLAARMAAK EN OPTREK ... Steek die sekel in, want die oes is ryp! Want hulle boosheid is groot! Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want NABY IS DIE DAG VAN DIE HERE in die dal van beslissing!” - Joël 3:12-14.***

Ons beleef vandag in Asië en Afrika, Oos-Europa, die voormalige Sowjet Unie, en die Midde-Oosterse lande, waarskynlik die wydste ontwaking van individuele nasies in die hele geskiedenis wat vir ons aangeteken is, “want die dag van die Here is naby”

## **Padwyser 8 – Vredesplanne en Voorbereidings vir Oorlog.**

Ons leef in ‘n eienaardige wêreld. Almal stem saam dat ons ‘n tweede kans aan vrede moet gee. Ons praat oor vrede; maar opgekropte vyandigheid, soms eeue oud, vlam op in ope konflik. Die profete Miga en Joël het voorspel dat juis wanneer die nasies praat oor hulle begeerte om vrede te sien (Miga 4:1-3), sal hulle wantroue in mekaar hulle dwing om gereed te maak vir oorlog (Joël 3:9-13).

Lank gelede het die Bybel ons huidige vrede-oorlog dilemma beskryf en verklaar dat permanente vrede slegs op die aarde sal heers wanneer Jesus kom.

## **Padwyser 9 – Moderne Vooruitgang**

Waarom, na eeue van die menslike geskiedenis, het vervoer en kommunikasie die wêreld so laat krimp?

***“TOT DIE TYD VAN DIE EINDE TOE, baie sal dit deursoek en die kennis sal vermeerder.” – Daniël 12:4.***

Daniël dui hier aan dat kennis van sy profesieë sal vermeerder “tot die tyd van die einde.” Maar hierdie voorspelling wys ook blykbaar reguit na ons eeu van gerekenariseerde inligting. Allerhande kennis het in hierdie laaste paar jaar met die spoed van weerlig vermeerder. Daar het in die laaste vyftig jaar meer veranderinge plaasgevind as in die vorige twee duisend.

“Baie sal dit deursoek, en kennis sal vermeerder.” Sommige vertalings dui aan dat mense heen en weer sal gaan. Voor 1850 het mense heen en weer beweeg in ‘n perdekar en perd, baie dieselfde as aan die begin van tyd. Nou breek ons die klankgrens en omsirkel die aarde in alles, van Concord-vliegtuie tot ruimtetuie.

Die toename in reise onderneem en die onlangse vloed van uitvindsels gee verder bewys dat ons leef in *die tyd van die einde*.

## **Padwyser 10 – Die Evangelie aan die hele Wêreld**

Jesus het voorspel dat net voor Sy wederkoms sal die evangelie die hele wêreld bereik:

***“En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ‘n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.” – Matteus 24:14.***

Vir dekades was byna die helfte van die wêreld toegesluit agter ‘n ystergordyn, weggesluit van die Goeie Nuus. Maar toe, byna oornag, het Oos-Europa weggeglip uit die greep van kommunisme. Die Berlynse Muur het neergetuimel, en die magtige Sowjetryk het verbrokkel. Skielik het byna die helfte van die planeet sy arms oopgestrek om die evangelie te ontvang.

Die evangelie gaan werklik na “die hele wêreld” soos nog nooit tevore nie. Deur satelliet word die Christelike boodskap tegelykertyd in byna elke land gebeeldsaai. Ons leef in daardie presiese tyd wat Jesus van gepraat het toe Hy verklaar het: “Hierdie evangelie sal verkondig word in die hele wêreld” en “dan sal die einde kom.”

### **2. HOE GOU GAAN JESUS KOM?**

Nadat Hy die gebeure beskryf het wat kenmerkend sal wees van die tyd net voor Sy wederkoms, het Jesus Sy opmerkings afgesluit deur te sê:

***“Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.” – Matteus 24:34.***

Die slot is duidelik – die geslag wat uitgebeeld word deur hierdie padwysers van profesie sal Jesus na die aarde toe sien terugkom vir die tweede maal. Dit sal nie lank wees totdat Hy sonde en ellende sal wegvee nie, en Sy ewige koninkryk tot stand gaan bring. Jesus vermaan egter: “Maar die dag en die uur weet niemand nie” (vers 36).

En Jesus gaan voort:

***“Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.” – Matteus 24:44.***

### 3. JESUS, DIE WÊRELD SE ENIGSTE HOOP

Christus is die laaste, beste hoop vir ons wêreld want net Hy kan afreken met juis dit wat besig is om die wêreld te vernietig – sonde. Jesus het op die kruis van Golgota gesterf om die bese te verslaan en om redding te bring aan almal wat sal reageer op Sy aanbod van verlossing.

***“Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.” – 1 Johannes 3:8.***

Ons Heiland het ‘n weg uit hierdie verbrokkelende wêreld geskep deur Sy eie vlees en bloed te offer. En hierdie selfde Jesus, wat eendag al die kwale van die wêreld sal gesond maak, bied nou op hierdie oomblik aan om die skuldgevoel van sonde uit jou lewe te wis. Jy hoef nie vir die Wederkoms te wag om verlos te word van skuld nie, en van angs en afbrekende gedrag nie. Jesus is heeltemal gewillig om jou op hierdie oomblik Sy soort vrede te gee.

Terwyl sy ‘n godsdienstige byeenkoms bygewoon het, het ‘n jong dame vreemd geraak gevoel deur die aanbidding van die evangelie. Terwyl sy geluister het hoe die verhaal van ‘n Verlosser wat weer gaan kom ontvou, het al die dele vir haar in mekaar begin pas. Dit het vir haar sin gemaak. Sy het besluit dat sy op al die verkeerde plekke gesoek het na liefde, geluk en vrede. Jesus moet die antwoord wees.

Die volgende dag toe die evangelis en sy helper haar gaan besoek, het sy ‘n verhaal van bitterheid en gebrokenheid aan hulle meegedeel. Sy het tot op die bodem neergedaal as ‘n alkoholis, en sy het haarself aan die lewe gehou deur middel van prostitusie. Nadat sy haar probleme bespreek het, het sy uitgesnik: “U het eintlik gisteraand met my gepraat.”

Maar die stem wat haar hart bereik het was die stem van God. En Hy het tederlik gepraat. Sy het besluit om alles op te gee. Sy het Christus genooi om in haar hart te kom woon as Heiland en Heer en het vasgehou aan die hoop van Sy spoedige wederkoms.

In die daaropvolgende weke het sy begin agterkom dat haar baie vrese en onsekerheid wat sy tevore in drank probeer verdrink het, nou verdwyn het namate sy tyd geneem het om met Jesus te kommunikeer. Hy het haar van die drange wat haar lewe vernietig het, begin verlos.

Sy het baie dinge gedoen waarop sy glad nie trots was nie. Maar Christus se genade en vergifnis was sterker as haar skuld. Die ondervinding van die dief aan die kruis het baie vir haar beteken. In sy laaste, desperate oomblikke het hy na die Onskuldige Persoon langs hom gedraai en gevra: “Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom” (Lukas 23:42).

Jesus het onmiddellik geantwoord deur aan die dief ‘n plek saam met Hom in die paradys te belowe (vers 43). Dieselfde Jesus wat so genadiglik aan die dief vergifnis gebied het, bied ook aan jou verlossing, volkome vergifnis en vrede in jou gemoed. Ontdek dit vandag vir jouself.

Jy kan ook saam met die sterwende dief bid: “Jesus, onthou my wanneer U in U koninkryk kom.” En Jesus sal antwoord: “Ek sal weer kom, en jy sal saam met My in die paradys wees.”